

WERK AAN MYCITI-DEPOTS VIR KHAYELITSHA EN MITCHELLS PLAIN GAAN BEGIN

Bouwerk sal in Augustus 2022 begin aan 'n fasiliteit met twee depots vir die volgende fase van die MyCiti-dienste, naamlik fase 2A.

Die terrein van 15 hektaar sal die kern van bedrywighede vorm vir fase 2A van MyCiTi, wat duisende pendelaars van Khayelitsha en Mitchells Plain verbind met veilige, betroubare, direkte openbare vervoer in een van die besigste vervoerkorridors na Claremont en Wynberg.

Die fasiliteit, wat naby die hoek van Spineweg en Mewweg geleë is, sal kringtelevisie-kameras en sekuriteitsbeheerde toegang op beide paaie hê en sal dien as 'n basis vir die maatskappye wat die MyCiTi fase 2A-dienste bedryf.

Die depots sal gebruik word om busse te parkeer, in stand te hou, te was en uit te stuur soos nodig, en sal aanvanklik 290 akkommodeer en vele meer soos MyCiTi oor die stad uitbrei. Dit sluit ook administratiewe kantore, raadskamers en opleidingsruimte, en 'n reeks van fasiliteite vir personeel en busbestuurders in.

Die perseel in Stadsbesit is strategies geleë naby die beoogde roetes om bedryfskoste te verminder en om voorsiening te maak vir reis vroeg in die oggend. Die depots is ná openbare deelname in 2021 goedgekeur en voorbereidingswerk is voltooi, wat die weg baan vir konstruksie van Augustus 2022 tot Maart 2025.

Die projek word deur 'n toelae van die Nederlandse regering mede-befonds en sal tydelike werkseleenthede, plaaslike sakegeleenthede, en permanente werk skep sodra dienste begin.

Die goeie nuus vir padgebruikers is dat ontwinging van verkeer in die omgewing van die werke nie voorsien word nie.

Vind meer uit

Sluit by ons aan by 'n openbare inligtingsdag naby aan jou om meer oor hierdie projek uit te vind.

Plek: Tafelsig-gemeenskapsentrum
Olifantshoekstraat 3, Tafelsig

Datum: Donderdag 11 Augustus 2022
Tyd: 14:00 - 19:00

Plek: Khayelitsha-hulpbronsentrum,
Makabeniweg, Khayelitsha

Datum: Donderdag 11 Augustus 2022
Tyd: 14:00 - 19:00

Teken aan vir verdere inligting

Vir meer oor Fase 2A en om op hoogte te bly, besoek www.myciti.org.za/phase2a



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. **Tesame.**